®

SKIETTOETS VIR BEKWAME JAGTER

1. Die Rooibokteiken met tel-areas soos hierby aangetoon, sal gebruik word.

2. Enige senterslag kaliber kan gebruik word.

3. Enige teleskoop kan gebruik word.

4. Elke skut moet toegelaat word om eers sy geweer in te stel voordat die skiettoets afgelê word.

5. Daar word geen tydsbeperking op enige oefening van die skiettoets geplaas nie. Die baanoffisiere het egter wel die reg om deelnemers aan te por indien hulle langer as 90 sekondes per oefening sou neem.

6. Vanaf 200m word 3 skote vanuit die lê posisie geskiet. Die skut mag 'n rus gebruik om die geweer aan die voorkant te ondersteun. Geen rus word agter onder die kolf toegelaat nie. Die skut kan wel sy hand tussen die kolf en die grond indruk om die geweer te ondersteun. Die voorste rus kan enige integrale of los rus wees volgens die skut se keuse. Indien die skut nie kan of wil lê nie, mag hy sit, kniel of staan en skiet, en mag hy 'n Harris of soortgelyke tweepoot, of losstaande twee- of driepootskietstokke vir ondersteuning gebruik. Skietstokke mag nie dikker as 25mm wees nie.

7. Vanaf 100m word 3 skote vanuit die sittende-, kniel-, of staanposisie geskiet. Die skut mag 'n twee- of driepoot skietrus gebruik. Harris tipe tweepoot skietrusse is ook toelaatbaar.

8. Vanaf 50m word 3 skote uit die staande posisie geskiet, sonder enige ondersteuning.

9. Die hart tel 5 punte, die sentrale long-area tel 4 punte en die groter longarea tel 3 punte. Enige ander skoot op die bok (kwesskoot) tel minus 1 (-1) punte, en 'n mis tel 0 punte. Vir die doel van die skiettoets sal die kop en nek ook minus 1 punte tel.

10. Die slaagsyfer is 27 punte uit 45 (60%) .

11. Kwalifiserende tellings vir balkies :

Brons balkie	27 – 35 uit 45
Silwer balkie	36 – 41 uit 45
Goue balkie	42 – 45 uit 45

Rooibok Teiken (vir die skiettoets):



(Werklike grootte: WxH = 1000 x 680mm. Die lyne op die teiken is dun rooi lyne wat nie op'n afstand sigbaar is nie. Die tellings is nie op die teiken gedruk nie).

Teiken Areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Hart:	96 x 102	76	--
Sentrale hart/long:	173 x 177	272	350%
Groter long/rugwerwel:	235 x 226	512	670%